

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

GENADE ONBESKRYFLIK GROOT

Almal is bekend met die lied: *Genade Onbeskryflik Groot*, en daarom het die woorde *genade onbeskryflik groot het U aan my bewys*, al by herhaling oor ons almal se lippe gekom.

Ons weet ook dat Abba se genade, soos dit in Yeshua Messias geopenbaar word, Sy onverdiende guns van vergifnis van ons sondeskuld is. Deur geloof in die versoeningswerk van ons Messias aan die folterpaal het ons deel van hierdie genade geword.

Indien jy egter vir mense vertel dat jy glo dat die wet van YHVH nie opgehef is nie, dan is hulle gou om jou mee te deel dat jy van hierdie genade verval het. Volgens hierdie siening is iemand wat bely dat hy deur geloof gered is, maar glo dat die tien gebooie steeds die wil van YHVH vir die mens is, nou sy redding kwyt, want hy sou dan YHVH se genade verwerp het. Dit was dan ook die woorde in 'n brief waarin ons lidmaatskap van die AGS in Jeffreysbaai beëindig is omrede ons glo dat die Tien Gebooie, insluitend die shabbatsgebod, steeds YHVH se wet is waaraan ons gehoorsaam moet wees. Die pastoor van die plaaslike gemeente het ondermeer die volgende aan ons geskryf:

Mense wat terugkeer vanaf die genade na die wet toe, het van die genade verval (Gal. 5:4). Sulke mense is verlore. Die mense wat, soos jy, die wet hou, is volgens Paulus goddelose en sondaars, onheiliges en ongewydes (ongereddies). Mense wat gered is, is uit onder die wet, die Sabbat en die Joodse Feeste.

Om by herhaling dit duidelik te stel dat ons absoluut glo dat redding alleenlik deur geloof is en dat YHVH se wet slegs die onderrig en instruksies van 'n liefdevolle Vader vir die geregverdigde se geloofslewe is, het geensins 'n verskil gemaak nie! Die meerderheid wat glo dat hulle vry van YHVH se wet is, is doof wanneer jy probeer verduidelik dat jy hoegenaamd nie geregverdig probeer word deur die wet te onderhou nie en dat jy ten volle besef dat jy niks tot die genade van God kan toevoeg nie.

Ek wil egter deur hierdie skrywe getuig dat ek YHVH se genade vandag beter verstaan as wat ek het toe ek ook nog geglo het dat ek vry van die wet en

onder die genade was. Ek wil my nek nog verder uitsteek om die stelling te waag dat mense wat glo dat hulle vry van die wet is nie werklik YHWH se genade verstaan nie, want hulle verstaan nie die doel van YHWH se wet nie.

Om YHWH se genade van vergifnis van sonde deur die kruisdood van Yeshua werklik te kan verstaan, moet elkeen eerstens kennis hê van wat sonde is. Hierdie kennis van wat sonde is, is ook nodig sodat ons nie weer hierdie sondes doen nie. Om vir vergifnis te vra weens ware berou beteken tog sekerlik 'n begeerte om nie weer te sondig nie! Na wedergeboorte moet jy en ek nou leef as 'n geregverdigde van YHWH. Die nuwe bekeerling moet dus geleer word wat sonde is. Dit is so maklik om te bid en te vra vir vergifnis sonder om te weet vir watter sondes word vergifnis gevra.

Om as 'n geregverdigde van YHWH in Yeshua Messias te lewe is om die sonde te vermy. Dit is om heiligmaking na te streef volgens die opdrag: *Wees heilig want Ek is heilig* (Lev. 11:44; 1 Pet. 1:15 en 16). Paulus skryf in sy brief aan die Romeine dat ons, onself as dood vir die sonde moet reken, dat ons nie moet toelaat dat die sonde oor ons sterflike liggame heers nie en dat ons nie ons liggame tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid moet stel nie. Nee, ons moet onself tot beskikking van YHWH stel as mense wat uit die dood lewend geword het en werktuie van geregtigheid in Sy diens is (Rom. 6:11 tot 13). Luister wat skryf Paulus dan verder:

Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Rom. 6:14

Die sonde sal nie oor ons heers nie omrede ons deur geloof in Messias deel geword het van YHWH se genade en dus nie meer onder die wet is nie. **Paulus skryf nie dat die wet opgehef is nie!** Nee, hy sê ons is nie meer **onder** die wet nie, maar **onder** die genade en daarom sal die sonde nie oor ons heers nie. Ons staan nou nie meer onder die heerskappy van die wet nie, maar ons is nou onder die genade. Die wet is dus nie opgehef nie, want Paulus gaan onmiddelik voort deur te vra:

Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! Rom.6:15

Waar leer ons dan wat sonde is? Wat is ons meetsnoer en definisie van sonde? Wat is die sonde wat nie meer oor ons sal heers nie omrede ons onder die genade is? Die meetsnoer, standaard en definisie van wat sonde is moet tog vir elke wedergebore kind van YHWH presies dieselfde wees.

In sy brief aan die Romeine verduidelik Paulus op verskeie plekke wat sonde is. Eerstens stel hy dit baie duidelik dat geen mens deur die werke van die wet geregverdig kan word nie. Dit is en was nooit die bedoeling van die wet nie, want die wet leer ons wat sonde is (Rom. 3:21). Die wet is gegee as die onderrig en instruksies (die Torah) van YHWH wat ons leer hoe ons verhouding met Hom en met ons medemens moet wees nadat ons deur

geloof gered is. Indien ons van die onderrig en instruksies van die wet afwyk, mis ons die doel van die wet en dit is sonde. Die verhouding tussen YHVH en die mens is dan versteur. Dan word ons wetteloos en dit is sonde.

...maar elkeen wat sondig, breek die wet. Eintlik is sonde om sonder die wet te wees

1 Joh. 3:4 (PWL Vertaling).

Die geregtigheid van YHVH word dus sonder die wet geopenbaar, hoewel die wet en die profete daarvan getuig (Joh. 5:46). Die geregtigheid van YHVH is dus alleenlik deur geloof in Yeshua as die Messias (Rom. 3:21 en 22). Dit is genade, naamlik YHVH se onverdiende guns soos in Yeshua die Messias geopenbaar is. Abraham is deur geloof gered, maar het YHVH se ordeninge, gebooe, insettinge en wette onderhou (Gen. 26:4 en 5). So ook is Israel deur geloof in die bloed van die lam van die Egiptiese slawejuk gered, maar het YHVH se wette ontvang van hoe om as bevrydes te lewe en nie te sondig nie.

Ons geloof in Yeshua maak nie die wet tot niet nie, maar bevestig dit (Rom. 3:31). Deur my geloof in Yeshua as Messias herken ek dat ek skuldig is aan die oortreding van die wet en die straf wat die wet vereis verdien, naamlik die loon van die sonde wat die dood is (Rom. 6:23). Yeshua Messias bevestig ook die wet deur dat Hy in my plek die loon van die sonde, naamlik die aanklag, skuldigbevinding en vonnis wat die wet vereis, gedra het.

YHVH se wet, naamlik sy onderrig en instruksies bekend as die Torah, is dus die meetsnoer en definisie van sonde! Paulus bevestig dit deur te skryf: *Want die wet werk toorn; maar waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie* (Rom. 4:15). Sonder YHVH se wet (Torah) kan sonde nie gedefinieer word nie en is daar nie 'n maatstaf van wat sonde is nie. Hoewel daar voor die wet reeds sonde was, kon hierdie sonde egter nie toegereken word nie, want daar was geen wet nie (Rom. 5:13) en sonder die wet is sonde dood (Rom. 6:8). Daar moet dus 'n wet wees anders heers wetteloosheid. YHVH se wet definieer wat sonde is. Dit was so onder die ou verbond en dit is steeds so onder die nuwe (verbeterde) verbond en dit sal vir ewig so wees, want YHVH is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde.

Maar die belangrike verskil van die wet en die genade is die volgende: Sonder geloof in Yeshua as die Messias staan die mens onder die wet van sonde en dood waar YHVH se wet die mens aankla, skuldig bevind en vonnis. Geen mens kan YHVH se wet in alle opsigte gehoorsaam wees nie. Indien ons selfs net in een opsig ongehoorsaam is, is ons skuldig aan die hele wet (Jak. 2:10 en 11). Ons almal het dus gesondig en ons staan almal as oortreders onder die wet van sonde en die dood tot ons deur geloof in Yeshua onder die wet van genade en lewe staan (Rom. 3:23 en 24).

Genade is om deur YHVH se onverdiende guns vrygespreek te word van die aanklag, skuldigbevinding en vonnis wat die wet vereis. Geloof het die wet

nie verander nie en het dit ook nie opgehef (ontbind) nie, maar die posisie waarin die mens hom bevind, naamlik van skuldig tot onskuldig het deur geloof verander – van onder die wet van sonde en dood tot onder die wet van genade en lewe.

Paulus skryf dat hy voorheen sonder die wet gelewe het, maar toe die wet gekom het, het die sonde weer opgelewe en het hy gesterwe (Rom. 7:9). Die wet wat die lewe moes wees, naamlik die seëninge van gehoorsaamheid (Deut. 28:1 en 2), het vir hom geblyk die dood te wees, want die sonde het 'n geleentheid deur die wet gevind om hom te verlei en te beroof van hierdie lewe in oorfloed wat die wet (die Torah) beloof (Rom. 7:10 en 11). Daarom is die wet heilig en die gebod heilig en regverdig en goed, want dit het sonde duidelik ontbloot (Rom. 7:12 en 13).

Nou dat sonde, naamlik ongehoorsaamheid aan die wet, duidelik ontbloot is, verstaan ons die behoefte aan genade soveel beter. Hoe meer ons onderrig word in die wet, hoe meer besef ons hoe skuldig ons teenoor die wet staan en hoe groter word ons behoefte aan genade. Daarom is dit waarlik genade onbeskryflik groot dat ons deur geloof in Yeshua vrygespreek is van die oordeel, skuldigbevinding en vonnis wat die wet vereis. Nou is ons vrygespreek van die skuld las wat 'n vloek was (Gal. 3:13) en wat van ons slawe gemaak het. Ons is vrygemaak van die wet van sonde en dood en het diensbaar geword aan die geregtigheid (Rom. 6:16 tot 18). Nou kan ons die seëninge van gehoorsaamheid aan die wet ontvang selfs wanneer ons weens swakheid oortree. Dit is die genade van vergifnis in Yeshua. Nou kan ons soos Paulus ook sê: *Ons verlustig ons in die wet van YHVH na die innerlike mens* (Rom. 7:22).

Die wet word nou 'n vreugde van ons hart en ons vind 'n behae daarin (Ps. 1:2). Ons verstaan egter soos Paulus dat hoewel ons die begeerte het om die goeie te doen, naamlik volgens die wet te lewe as geregverdigde en tot heiligmaking, kry die vlees dikwels die oorhand (Rom. 7:15 tot 20). Soos Paulus kan ons ook sê: *as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig* (Rom. 7:21). Maar ons is onder die genade wat 'n hoër gesag het as die wet van sonde en dood. Daarom sal die sonde nie meer oor ons heers nie. Yeshua Messias het ons verlos sodat ons nou as vrygekooptes volgens YHVH se onderrig en instruksies kan lewe en die seëninge kan ontvang onder die genade.

YHVH se wet is nou deur die Afgesonderde (Heilige) Gees in ons verstand gegee en op ons hart geskryf (Heb. 8:10). Dit beteken dat ons nou die begeerte en die wil het om gehoorsaam te wees, hoewel ons besef dat ons soms weens vleeslike swakheid gaan struikel en sondig. Maar daar is vir ons telkens die genade van vergifnis - **genade onbeskryflik groot!** Ons is terug in die Vaderhuis van voorsiening in al ons behoeftes en waar ons onderrig word in Sy weë volgens Sy Torah.

Opsommend

Die gelowige in Yeshua Messias is nie vry van die wet nie, maar wel vry onder die wet!! Diegene wat hulself as vry van die wet beskou oortree verskeie gebooe opsetlik, soos byvoorbeeld die shabbatsgebod en die voedselvoorskrifte. Van diegene getuig die Skrifte soos volg:

Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.
Heb. 10:26 en 27

Let wel!! Dit is juis diegene wat glo dat hulle vry van die wet is, wat van YHVVH se genade verval het!!! Eerstens verwerp hulle die wet, naalik YHVVH se Torah van onderrig en instruksies. En tweedens verdraai hulle YHVVH se onverdiende guns deur te glo dat dit hulle vrymaak van die wet. Diegene wat so glo moet ernstig kennis neem van Heb. 10:28 en 29, naamlik:

As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?

Ons is duur gekoop deur die bloed van Yeshua (1 Kor. 6:20 en 7:23; 1 Pet. 1:18 en 19) om sonder sondeskuld vry onder die wet te leef. Die skuldbrief is aan die folterpaal gespyker en **nie** die wet nie (Kol. 2:14)!! Die genade voorsiening van die Lam van God het ons nie vrygemaak van die wet nie, maar wel vry onder die wet!! Ons is vry van die vloek (die skuldilas) van die wet (Gal. 3:10 en 13)!!

Daarom is daar geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie, want die wet van die Gees van lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, want omdat die wet swak was, deur die sieklikheid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel sodat die opregtheid en onpartydigheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1 tot 4 (PWL Vertaling)

Die wet was en is steeds YHVVH se onderrig en instruksies van hoe om as geregverdigde te lewe!! Genade is nie 'n vrypas om YHVVH se wet, Sy Torah, te oortree nie. Daarom bevestig Paulus dit deur te sê:

Wat sal ons daarom sê? Sal ons in die sonde bly sodat die onverdiende guns meer kan word? 'n Verwerplike gedagte! Hoe kan enige een van ons wat dood is vir die sonde, weer daarin leef? Rom. 6:1 en 2 (PWL Vertaling)

Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die geskrewe wet is nie, maar onder die onverdiende guns? 'n Verwerplike gedagte! Rom. 6:15 (PWL Vertaling)

In die lig van al die voorafgaande, en verwysend na Heb. 10:28 en 29, kan daar net tot die volgende slotsom gekom word, naamlik: Om te glo dat ons vry van die wet is, is om die Seun van God te vertrap en om die bloed van die hernieude verbond as onrein te ag en om die Gees van genade te smaad.

Laat ons ook ten opsigte van hierdie saak die gesindheid van die Bereane openbaar, naamlik:

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom
Johan

E-pos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.